

# Die begrip "Calvinisme" in die Afrikaanse geskiedskrywing. 'n Oorsigtelike tipering

R M Britz

## ABSTRACT

The term "Calvinism" in the Afrikaans historiography. A historical survey

*This article deals with the uses of the term "Calvinism/Calvinistic" in the Afrikaner school of historiography. A careful investigation shows that it was first used during the latter part of the 19th century as a designation of the "northern" Afrikaners. During the 20th century, however, the term received a broadened meaning and application. As an image it articulated the meaning of Afrikaner history. Since its use was not documented, the issue of Afrikaner Calvinism needs theological and historical scrutinising.*

In die twintigste eeuse Afrikaanse, of liever Afrikanergeskiedskrywing<sup>1</sup> kom die begrip, of konsep, "Calvinisme" dikwels voor. Daarmee word die godsdienstigkulturele karaktertrek van die Afrikanervolk gekenskets. In die volksgeskiedenis word dit as 'n samebindende faktor en stuwende krag deur Afrikaner historici teruggevind en aangedui. Dit verduidelik soveel van die Afrikaner se geskiedenis en sy optrede daarin. Gedagtig daaraan dat die hele sáák in verband met die sogenaamde Calvinisme van die Afrikaner in onlangse studies<sup>2</sup> onder die loep geneem is, word die begripsgebruik daarvan in die onderhawige artikel historiografies nagegaan.

Daarvoor is net op die algemene geskiedenis<sup>3</sup> van Suid-Afrika, of eintlik, 'n verteenwoordigende groep daarvan, gekonsentreer. Hoewel waardevolle en insiggewende materiaal dienooreenkomstig agterweë gebly het, was die resultaat dekkend genoeg om 'n behoorlike profiel van hierdie begrip, sy betekenisinhoud en funksie by die betrokke geskiedskool, op te stel. Ter wille van 'n vollediger historiese omlysting, is ter saaklike bronne uit die laat negentiende eeu ewe-eens oorweeg. Toe is die begrip as 'n aanduiding of bekendstelling gebruik. Daarteenoor verklap dit in die twintigste eeuse bronne 'n ingrypende betekenisverskuiwing. In 'n nuwe konteks het dit omgesit in 'n godsdiens-historiese singewing.

## 1 DIE NEGENTIENDE EEU: AANDUIDING EN BEKENDSTELLING

In bronne van kerkhistoriese aard uit die negentiende eeu, en selfs vroeër, kom 'n mens die begrip Calvinisties af en toe teë. 'n Skrywer of twee gebruik dit as 'n

konfessionele tipering van die groep mense wat in 1859 met die Gereformeerde Kerke, waarin ds Dirk Postma leiding gegee het, meegegaan het. Érens merk ds D P M Huet op dat "in hen sluimerd zich onbewust een gevoel van gemis aan Calvinistiese prediking, hun door de oude Gereformeerde Boeken overgeleverd ..."4. Vir John Murray kom dieselfde "Doppers" ooreen met die hiper-Calvinistiese Hooglanders in Skotland en, sê hy, "it has become their ambition to preserve the most rigid type of calvinistic orthodoxy"5. Ook vir J W G van Oordt is die "Dopperskerk" "streng calvinisties"6.

As 'n omvattende duiding wat meer as een kerklike groepering insluit, maak "Calvinisme" of "Calvinisten/tisch" historiografies egter sy verskyning in daardie groep boeke wat gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu die geskiedenis (of aspekte) van Suid-Afrika so uitgesproke Afrikaans-Hollands gestel het7. Toe, na byna "eene eeuw van onrecht"8, moes die vraag na die historiese waarheid9 uitgemaak word "in di taal en gees van ons volk"10, soos ds S J du Toit in 1877 pertinent daarop aangedring het. Die beleving van gebeure op gebeure het Afrikaanse Hollanders na hulle verlede laat vra om dit reg te stel en te beskrywe. Met 'n tipiese selfbegrip, gedra deur 'n Christelike nasionalisme wat samebindend beleef is, "het posgevat en homself kontekstueel in die geskiedskrywing laat geld"11.

So het H J Hofstede in 1876 die *Geschiedenis van de Oranje-Vrijstaat in verband met eene korte geschiedenis der aangrenzende kolonien*12, opgestel. 'n Paar jaar later, net na die plaaslike gevegte tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek, het J D Weilbach en C J N du Plessis die *Geschiedenis van de emigranten-boeren en van den vrijheids-oorlog*13 beskrywe. Die groeiende historiese bewussyn het Bezuidenhout weer laat vra na *De geschiedenis van het afrikaansche geslacht van 1688 tot 1882*14. In 1898 kom die geskiedenis vir J F van Oordt neer op *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek*15 terwyl N J Hofmeyr, meegevoer deur die politieke implikasies van die gebeure, berig het oor *De Afrikaner-boer en de Jameson-inval*16. Vir die skole het hy *Kijkjes in onze geschiedenis*17 opgestel wat die een druk na die ander beleef het.

Hulle het hande gevat met (veral) Nederlanders wat in 'n groeiende assosiasie die lewe en voorbehoude van die "Boere" gedeel het. En, bewustelik vir hulle ingetree het. Schutte wys daarop hoedat 'n negatiewe inbeelding in Nederland na 1875 vanweë nuwe belangstelling in die Zuid-Afrikaansche Republiek geklee is in die kled van 'n positiewe en entoesiastiese en georganiseerde meelewing18. Hierin het die literatuur wat die "Boere" in Nederland bekendgestel het, nie 'n geringe aandeel gehad nie19. Sodoende het die boeke van J R Roorda-Smit20, F Lion Cachet21, J W G van Oordt22, N Mansveldt23 en W J Leyds24 help skep aan 'n nuwe interpretasie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. 'n Kenmerkende motief en religieuse aksentuering onderskei hierdie werke van die tradisionele koloniale en

Brits-imperiale geskiedskrywing<sup>25</sup>. In 'n antitese het dit ook polemies en apologeties standpunt ingeneem teen die invloedryke en kritiese "Barrow-Philip-Livingstone"-hipotese en -tradisie<sup>26</sup>. Laasgenoemde driemanskap verteenwoordig die hoekpilare van negatiewe inbeelding en kritiese weergawe van (veral) daardie groep mense wat as die Afrikanervolk bekend geword het. In werklikheid vorm dit 'n paradigma, wat reeds in die sewentiende eeu by L P G Tachard<sup>27</sup> begin en gedurende die twintigste eeu gevolg help gee het aan die liberale en radikale skole van geskiedskrywing.

Die begrip "Calvinisme" kom slegs by enkele van bogenoemde Nederlandse en Suid-Afrikaanse skrywers voor. Daarby wend hulle dit ook net in 'n terloopse sin aan. In hierdie verband kan verwys word na *De worstelstrijd der Transvalers* van F Lion Cachet ('n Nederlander) en *Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek* van J F van Oordt ('n Suid-Afrikaner). Ds Frans Lion Cachet<sup>28</sup>, wat lank onder die plattelandse Transvalers predikant was, was oortuig dat die Boere "kennelijk geroepen zijn: Zuidelijk Afrika te openen voor Christendom en beschaving<sup>29</sup>". Hiermee sluit hy aan by 'n gedagte waarmee U G Louts<sup>30</sup> al in 1847 vorendag gekom het. *De Kaapsche landverhuizers of Neerlands afstammelingen in Zuid-Afrika* sou, so maak Louts die saak uit, "welligt door Gods almachtige wijsheid bestemd en uitverkoren zijn om beschaving en christendom te midden van Afrika's woestenijen over te brengen en te doen wortelschieten!"<sup>31</sup>. Hiermee tree hy vertolkend en kultuurbewus in vir die "Kaapsche landverhuizers" wat Noord van die Oranjerivier van voor af 'n samelewing moes vestig en orden.

Vir Lion Cachet is die Transvaalse geskiedenis 'n *worstelstrijd*. Dit word breedvoerig "aan het volk van Nederland verhaald"<sup>32</sup>. "In de kerkleer ...", bevind hy, is hulle "Calvinisten"<sup>33</sup>. In hierdie sinspeling<sup>34</sup> sluit hy klaarblyklik daarmee al die lidmate van ten minste die drie Afrikaans-Hollandse Kerke van gereformeerde belydenis in die Zuid-Afrikaansche Republiek in. Hierdie kerke het toe alreeds vir meer as 20 jaar naas mekaar binne die omlyning van een volk bestaan<sup>35</sup> en eintlik die "Boere-volk" omvat.

J F van Oordt voeg 'n ruimer betekenis aan die begrip "Calvinisme" toe. Anders as Cachet spoor hy dit ook op in die staatkundige karakter van die twee Suid-Afrikaanse republieke. Volgens hom was "Kerk en Staat" aan die begin van die Transvaalse konstitusionele ontwikkeling twee "nauw aan elkander verbonden factoren"<sup>36</sup>. Dit skrywe hy toe aan die "aard van het Afrikaanse volk" en "het Calvinisme, dat de heerschende godsdienst is"<sup>37</sup>. As suiwer "Calvinistisch standpunt" verteenwoordig hierdie staatkundige reëling "een soort Teocratie, zooals vroeger in Israël in zwang, in de tyden voor en onder de eerste koningen"<sup>38</sup>.

Beide gebruik die begrip "Calvinisme/tisch" uiteraard in 'n positiewe sin. Hiermee maak die begrip, as 'n kultureel-godsdienstige aanduiding, vir die eerste

keer in die Suid-Afrikaanse (kerk)historiese literatuur sy intrede. Klaarblyklik staan die skrywers nie in die verlengde van die "kerklike" betekenis wat hier en daar in die negentiende eeuse literatuur daaraan geheg is nie. Omdat nóg Cachet, nóg Van Oordt die begripsgebruik dokumenteer, is dit 'n vraag waarom hulle dan wel vir hierdie begrip, en sy spesifieke toepassing, gekies het? 'n Vraag wat aan relevansie wen as in gedagte gehou word dat dit eietyds nie in die samelewing aan die orde was nie<sup>39</sup>. In die res van die werke wat net voor en net na die eeuwending die Suid-Afrikaanse geskiedenis in sy geheel beskrywe, is 'n verwysing na Calvinisme byvoorbeeld afwesig. Nóg G M Theal<sup>40</sup>, nóg E C Godeé Molsbergen<sup>41</sup> maak hiervan melding. Selfs by diegene wat die kerkgeskiedenis<sup>42</sup> van Suid-Afrika verhaal het, ontbreek die begrip. In sy gedokumenteerde *Redenvoering bij het Tweede Eeuw-Feest, ter herinnering aan de vestiging der Christelijke Kerk in Zuid-Afrika...*<sup>43</sup> verwys Abraham Faure geheel en al nie na 'n Calvinistiese benadering of groepering nie. Ook in die historiese skets van J McCarter oor *The Dutch Reformed Church in South Africa, with notices of other denominations*<sup>44</sup>, ontbreek sodanige tipering. Die *Beknopt Geschiedenis van de Nederduitsche Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop, sedert de stichting der Volkplanting in 1652 tot 1804, volgens nagelaten manuscript van Mr J de Wet... door dr J J Kotzé*<sup>45</sup> vind nie in die vroeë Suid-Afrikaanse (kerk)geskiedenis iets terug om dit doelbewus as Calvinisties aan te dui nie. Ook die latere *Geschiedenis der Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* waarin Marais sowel "de Transvaalse Kerk" as "de afscheiding in Zuid-Afrika" - dit wil sê die kerkgeskiedenis van diegene wat J F van Oordt en F Lion Cachet histories beskrywe - behandel, kom die begrip nie voor nie<sup>46</sup>.

Het Cachet en Van Oordt dit hier - van elders af - ingedra? 'n Sterk moontlikheid is om dit na 'n kontemporêre Nederlandse oortuiging en konteks terug te voer. Dáár, anders as hiér, was dit toendertyd wel in omloop in 'n saamgestelde en geskakeerde kultureel-politiese sin. Die Anti-Rewolusionêre en Neo-Calvinistiese beweging van Groen van Prinsterer<sup>47</sup> en Abraham Kuyper<sup>48</sup> het 'n hoogtepunt belewe. Vir hulle Christelike en kultuur-politiese beweging het die begrip "Calvinisme" die seggenskrag van 'n slagspreuk gehad<sup>49</sup> en 'n breë kultureel-godsdienstige betekenis verwerf. Aan die pasgestigte Vrije Universiteit van Amsterdam (voortaan VU), waarin Kuyper so 'n leidende rol gespeel het<sup>50</sup>, het dit al gou 'n wetenskaplike benadering geword. As in aggeneem word dat beide Van Oordt en Cachet eerstehands<sup>51</sup> met die beweging van Kuyper bekend was en daarmee geassosieer het, is dit meer as waarskynlik dat hulle 'n tiperende begrip met sy bepaalde betekenisnuanse by Suid-Afrika ingedra het. Hulle kon dit toepas op 'n "noordelike" groepering van mense wat nie buite die Christelike geloof om hulleself in hule eie republieke wou regeer nie.

Op die keper beskou moet 'n mens uit wat tot dusver gesê is, twee sake

aanvaar. Allereers het kerkhistorici nie daarmee begin om 'n godsdienstig-kulturele tradisie in Suid-Afrika as calvinisties uit te maak nie. Tweedens is dit duidelik dat Afrikaners teen die einde van die negentiende eeu nog nie oor hulleself as Calviniste gedink het nie. In die geskiedskrywing kom die begrip wel voor, maar dan in terme van aanwending, eerder as ontsluiting. Ontlening, eerder as ontwaring. Inbeelding, eerder as singewing. Op stuk van sake was dit vertolking waarmee 'n benadering onder Suid-Afrikaners getipeer is.

In die twintigste eeu staan die saak egter anders. In die historiografie, wat nou uit en uit in Afrikaans, met 'n professionele of wetenskaplike<sup>52</sup> inset en aanpak kom, duik die begrip "Calvinisme" of "Calvinisties" dikwels op. Vergeleke met die gebruik daarvan by Cachet en Van Oordt, het dit hermeneuties en semanties 'n betekenisvolle verruiming ondergaan. Dit het veel meer geword as die negentiende eeuse aanduiding van 'n godsdienstige-kulturele inslag by "noordelike" Afrikaners.

## 2 DIE TWINTIGSTE EEU: INGEBEELDE SINGEWING

Anders as by hulle negentiende eeuse voorgangers, is die twintigste eeuse Afrikaner-historici op die ry af oortuig van die Calvinisme van die Afrikaner. Sonder meer word aanvaar dat dit reg aan die begin - 1652 - uit Nederland oorgeplant is. Met die bykom van die Franse "Hugenote" is dit versterk. Blootgestel aan die tempering van die lewe en omstandighede van Afrika en sy inwoners, het dit algaande kenmerkend van die Afrikanertradisie geword. As 'n inherente geestesdrag, so word dit verreken, het dit belange wat veel wyer sny as die leerstellige oorsprong daarvan. Soos wat dit van geslag tot geslag saamgedra is, het dit beslag gegee aan godsdienstige, kulturele en politieke uitinge van die volksgemeenskap waarin dit 'n tuiste gevind het.

As Stellenbosse onderwyser en lektor het Eric Stockenström man-alleen reeds in 1920 'n *Handboek van die geskiedenis van Suid-Afrika tussen 1652 en 1892* geskrywe<sup>53</sup>. Hy gee egter nie blyke van 'n Calvinisme of Calvinistiese tradisie in daardie geskiedenis nie<sup>54</sup>. Sy tydgenoot en kollega S F N Gie, wat later "Sekretaris vir Onderwys vir die Unie van Suid-Afrika" geword het, het anders geoordeel. In die *Geskiedenis van Suid-Afrika of ons verlede*<sup>55</sup>, soos hy in 1924 sy handboek noem, is die "Kalvinisme" 'n belangrike draer en piler van die historiese ontwikkeling van die volk waaraan ook hy behoort het. Die "eerste staatstigers" het al "met hulle saamgebring die krag van die Germaan, gewortel in die Kalvinisme. Dit was Kalvyn se leer van die absolute almag van God wat staal in die bloed van die Geuse gebring het; dieselfde leer sou ook in Suid-Afrika vir hulle nakomelinge 'n houvas en 'n inspirasie wees"<sup>56</sup>. Dit het hom laat geld in die politieke ontwikkeling<sup>57</sup>, innerlike

lewe of ingesteldheid<sup>58</sup> en die kerklik-teologiese tradisie wat hier wortel geskied het<sup>59</sup>.

Met die eerste oogopslag is dit al duidelik dat dit by Gie, vergeleke met die vroeëre gebruik van die begrip, nie gaan om 'n terloopse verwysing of aanduiding nie. Die Calvinisme is vir hom 'n kernsaak, die hout waaruit die Afrikanervolk gesny is. Daarin gewaar hy die sin en dinamiek van die volksbestaan en die volksgees. Vertolk hy nou (in 1924), anders as Cachet en Van Oordt, 'n algemene oortuiging, wat intussen onder die Afrikaners pos moes gevat het? Omdat die begrip "Calvinisme" so sterk in die nakomende geskiedskrywing inslag gevind het, moet hierdie vraag ietwat breedvoeriger behandel word.

Soek 'n mens na die brug waaroor die begrip gekom het om in die twintigste eeu hierdie bepaalde betekenis aan te neem, is kerkhistoriese bronne sekerlik die aangewese plek om mee te begin. In die geleedere van die Gereformeerde Kerk, wat sy teologiese opleiding in 1905 na Potchefstroom verskuif het, is daar na die oorlog van 1899-1902 wel begin praat van "Het Calvinisme in ons volksbestaan"<sup>60</sup>. "De inwendige kracht"<sup>61</sup> daarvan het 'n beweging, wat Hexham nagegaan het, op tou gesit<sup>62</sup>. Histories, en kerkhistories het 'n oud-student van die Vrije Universiteit, J D du Toit (Totius), as teoloog van die Gereformeerde Kerk, sy kerk se geskiedenis aan die hand van die Calvinisme verstaan en geïnterpreteer<sup>63</sup>. Ondertussen het die een teologiese student na die ander aan die Universiteit van Kuiper ingeskryf. Hieraan het ook studente uit die Ned Geref Kerk meegedoen<sup>64</sup>. Daar het hulle sekerlik met die Nederlandse verwerking van Kuiper en die standpunte van die Vrije Universiteit te make gekry en dit na Suid-Afrika oorgebring. In 1929 sou baie van hulle help aan *Die Stigting van die Kristelik-Nasionale Bond van Calviniste in Suid-Afrika*<sup>65</sup>. 'n Oortuiging en inslag is georden en die begrip het 'n Suid-Afrikaanse konteks en ontwikkeling bygekry. Het Gie by hierdie waters gedrink? Het hy toe hy gedurende 1912<sup>66</sup> aan die Stedelijke Universiteit van Amsterdam studeer het, kennis geneem van die interpretasie en standpunt van die buuruniversiteit (die Vrije Universiteit)? Wat die saak moeiliker maak, is die feit dat Gie sy tiperende singewing van die Afrikaner se geskiedenis nie dokumentêr verantwoord nie.

Daarby is dit duidelik dat almal hulle nie vir 'n Calvinistiese ontsluiting laat vind het nie<sup>67</sup>. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en sy akademici het afwysend bly staan. In die Ned Geref Kerk is uiteenlopend geoordeel. Sommige teoloë, soos Johannes du Plessis - op Stellenbosch - het hulle hierteen verset. Aan die anderkant was daar Stellenbossers wat aan die Vrije Universiteit in Amsterdam gedoktoreer het. Aan die Teologiese Seminarium het hulle, Van Rooyen en Keet, as teoloë en jonger kollegas van Gie tereg gekom. Was hulle te vinde vir hierdie aandrang en insig? Sou Gie dit by hulle gehoor het? Van die Stellenbosse

kerkhistorikus A Moorrees, het hy nie ondersteuning gekry nie<sup>68</sup>. 'n Mens moet dus aanvaar dat hy bewus was van die "nuwe" interpretasie van die geskiedenis in terme van die "Calvinisme" en dat hy in sy standaardwerk daaraan 'n historiese basis gegee het. In die historiografie is sy vertolking nagevolg.

Drie en twintig jaar later, gedurende 1951, het 'n aantal historici saamgewerk en onder redaksie van Wiid, Geyer en Van der Walt gesorg vir nog 'n *Geskiedenis van Suid-Afrika*<sup>69</sup>. Behalwe die politieke verlede, behandel die nuwe "Gesiedenis" die ekonomie, die "inboorling en kleurbeleid" en die "kultuurstryd van die Afrikaner" as eietydse temas. Toe was daar heelwat meer navorsing oor die Suid-Afrikaanse verlede afgehandel<sup>70</sup>. 'n Hele aantal departemente vir geskiedenis het aan die onderskeie Afrikaanse universiteite op dreef gekom<sup>71</sup>. En, die sogenaamde rassevraagstuk en -beleid het talle geeste geboei<sup>72</sup>. Bowendien het daar kultuurhistories<sup>73</sup> ook weer iets met die Afrikaner gebeur. Sy akademici het aan die woord begin kom. In *Die stryd om die Ordes*<sup>74</sup>, is daar *Koers in die krisis*<sup>75</sup> aangedui. Die (Neo-)Calvinisme is as 'n lewensbeskouing voorgehou en aanvaar. Kerklik, en teologies, is uiteenlopend, en akkommoderend, oor die Calvinisme gedink. In "Ons eie Calvinisme"<sup>76</sup> is *twee rigtings*<sup>77</sup> onderskei. 'n Derde groep het dit bly afwys as 'n stuk Neo-Calvinisme.

Hierdie differensiering is egter nie in die nuwe handboek opgevang nie. Wat in verband met die begrip "Calvinisme" en "Calvinisties" aangeteken word, is geknip op die patroon wat Gie daarvoor uitgelê het. Tog kom dit na vore in 'n kontekstuele inkleding van sy eie. Die "Calvinistiese geloofsopvatting" word 'n behoudende faktor<sup>78</sup>. Daarby is die begrip nou ook aanduiding van 'n bepaalde lewensbeskoulike ingesteldheid<sup>79</sup>. Opvallend genoeg, weerspieël dit 'n basiese oortuiging in verband met die tradisionele "kleurbeleid" of rassepolitiek. Immers, reeds gedurende die agtiende eeu, so word bevind, het veral op die voorposte "... 'n eie ideologie ten opsigte van die behoorlike verhouding tussen Christen en heiden; blank en gekleur, wat, saam met sy godsdien, en inderdaad eng daaraan verbonde, geword het tot een van die vaste hoekstene van die lewensopvatting van die Afrikaner"<sup>80</sup> ontwikkel<sup>81</sup>.

'n Jonger geesgenoot, D W Kruger<sup>82</sup> het ongeveer 'n dekade later in 'n verwerking die oorspronklike tweede deel byna in sy geheel laat val en die eerste tot by 1961 bygewerk<sup>83</sup>. Anders as sy voorgangers, ontdek hy in die 30er jare 'n Calvinistiese groepering in die geleedere van die Afrikanervolk. 'n Insig wat onmiddellik die oog vang vanweë die vraag wat dit oproep, naamlik of daar diegene was wat nie Calviniste was nie en vanweë die ideologiese onderbou wat dit veronderstel? Volgens Kruger het D F Malan "ook die steun gehad van baie Calviniste". In 'n veralgemening sit hy dan in 'n fundamentele sin die invloed van die Calvinisme op die ontwikkeling van die politieke en nasionale bewussyn van die

Afrikaners uiteen. "Die Calvinisme," beeld hy dit histories-polities in, "was steeds gekant teen alle sweem van imperialisme of Britsgesindheid en liberalisme. Dit het altyd gewerk in die rigting van 'n eksklusiewe Afrikaanse nasionalisme as die waarborg vir die handhawing van die volkstradisies en godsdienstige oortuigings"<sup>84</sup>. 'n Kultureel-godsdienstige inkleding het aan 'n definitiewe prakties-politiese dimensie gewen.

Hierdie ontsluiting en singewing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in terme van 'n Afrikaner Calvinisme is soos 'n goue draad ingevleg in die magistrale lewenswerk van G D Scholtz<sup>85</sup>. Sedert 1967 het hierdie ouderling van die Ned Geref Kerk en koerantredakteur as kultuurfilosoof die *Ontwikkeling van die Politieke denke van die Afrikaner*<sup>86</sup> op skrif begin stel<sup>87</sup>. Die Calvinisme van die Afrikaner word duidend en karakteriserend, uitklarend en appellerend vir 'n inheemse leeskring vertolk. In 'n inbeelding kom die plaaslike verwerking daarvan as singewing van die geskiedenis aan die woord.

Ondertussen het nog twee handboeke uit die pen van Afrikaner historici op die rak gekom. Die aandrang om die *Hervertolking van ons geskiedenis*<sup>88</sup> kon nie ontduik word nie. Daarby is bewustelik rekening gehou met die uiteenlopende historiografiese vertolkings<sup>89</sup> en metodologiese ontsluiting van die Suid-Afrikaanse erfenisse. Weer 'n keer het die eietyd ander vrae afgedwing en het daar in Suid-Afrika histories 'n wending gekom. Die politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling en die skepping van tuislande, het internasionaal onder verdenking gekom. In 'n nuwe politieke bewuswording, waarin swart mense die toon aangegee het, is weerstand opgebou<sup>90</sup>. Dit het almeer gewelddadig tot uiting gekom. In 'n *Omsingelde Afrikanerdom*<sup>91</sup> is aanvaar dat die verledebeeld hersien sou moes word. Sou dit alles die gebruik en betekenisgestalte van die begrip Calvinisme beïnvloed? Volgens die historici het juis die Calvinisme van die Afrikaner immers gevolg help gee aan die politieke ordening en beleidspraktyk wat in Suid-Afrika gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu tot stand gekom het.

Gedurende 1971 verskyn 'n *Inleiding tot die geskiedenis van Suid-Afrika* uit die pen van die bekende historikus F A van Jaarsveld<sup>92</sup>. Hy noem dit *Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966*<sup>93</sup>. In sowel hierdie geskiedwerk, as in talle ander publikasies<sup>94</sup>, hou hy hom aan die gangbare inkleding van die begrip Calvinisme, welliswaar met 'n eie aksentuering. As 'n godsdienstig-historiese inset en motivering word dit 'n hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die geskiedenis van die Afrikanervolk. Daarin het veral die Ou Testament, en 'n Ou-Testamentiese verbandlegging in terme van die verbondsvolk, meegehelp<sup>95</sup>. Hy is oortuig dat "die Blanke setlaars algaandeweg hulle gevoel vir Nederland kwytgeraak, en ineengesmelt het tot 'n volk met 'n nuwe identiteit, lewenstyl en geestesinhoud, hoewel sekere basiese erfenisse van Nederland bly voortleef het, soos die



Calvinisme met sy leer van soewereiniteit van God, die uitverkiesingsidee en geroopenheid, die geloof aan die vryheid van die individu en die beginsel van opstand<sup>96</sup>. In 'n paragraaf oor die "Calvinisme en die behoud van die blanke identiteit"<sup>97</sup> wys hy daarop hoedat die Calvinisme as geestelike krag die nuwe volk ook gehelp het aan 'n rassebeleid en onderskeiding<sup>98</sup>. Leerstellig in oorsprong kry die Calvinisme van Suid-Afrika histories en plaaslik 'n praktiese gestalte.

Gedurende 1968 het tien medewerkers onder redaksie van C F J Muller *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*<sup>99</sup> gebundel. In hulle weergawe is die begrip Calvinisme<sup>100</sup> bykans afwesig. Hier en daar word wel van 'n nasionaal-godsdienstige tradisie<sup>101</sup> gepraat. Wanneer Muller 'n uitklarende besluit vir die boek opstel, bring hy weer die gevestigde assosiasie te berde: "Geïnspireer deur 'n Calvinistiese godsvertroue het die Afrikaners hulle geroepe begin voel om as selfstandige volk die taak van die uitdra van die Westerse Christelike beskawing in Afrika aan te durf"<sup>102</sup>.

In die resente verlede het Van Aswegen met 'n dekkende benadering en historiografiese verrekening weer die *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*<sup>103</sup> in 'n handboek saamgevat. Hy kontinueer die Calvinistiese singewing. Volgens hom het die "Voortrekkers... aan hulle Calvinistiese godsdienst bly vaskleef"<sup>104</sup>. Sonder skroom aanvaar hy dat "die Groot Trek... in 'n groot mate bygedra (het) om die Christendom en veral die Calvinisme in die binneland van Suid-Afrika te laat versprei"<sup>105</sup>. Terselfdertyd is hy nie seker "oor die mate waarin die blankes se godsdienstige opvattinge, gebaseer op die leerstellings van die Calvinisme 'n rol gespeel het in die vorming van hul kleurbewussyn"<sup>106</sup> nie. Ongelukkig klaar hy dit nie uit nie, en volstaan met verwysing na resente studie en vraagstelling in hierdie verband<sup>107</sup>. Maar, hiermee het die bevraagtekening van 'n tradisie waarmee Gie so oortuigend begin het, 'n staanplekkie in die Afrikaner-historiografie gekry.

Hiermee is die 20e eeuse begripsgebruik van Calvinisme as 'n singewende konsep in die Afrikaanse geskiedskrywing min of meer omlin. Daarvolgens het die konsekwensies van die teologie van Calvyn dus *via* die sewentiende eeuse Nederlandse Calvinisme, en die van die Franse Hugenoote, in Suid-Afrika bymekaar gekom om 'n tipiese Afrikaner Calvinisme te skep. So word dit histories en historiografies vir die Afrikaner ingebeeld as 'n ideaal en 'n aanbeveling. Anders as by die negentiende eeuse voorgangers, het dit nou 'n omvattende benadering en gemeenskaplike deler word. 'n Inbeelding het uitgeloopt op singewing. As 'n ongedokumenteerde aanname het dit historiografies ingeburger geraak. As ingebeelde singewing figureer dit as 'n boeiende veronderstelling, waarmee die geskiedenis van die Afrikaner, én wat hy in daardie geskiedenis gedoen het, verklaar word. Die seggenskrag en betekenisinhoud daarvan, sowel as die kulturele en politieke afleidings wat dit in die hand lê, dring egter aan op verantwoording. Met

inbegrip van die problematiek waarmee dit gepaardgaan, moet die begripsgebruik ten minste teologies-histories en histories-krities geskrutrineer word.

### 3 DIE PROBLEMATIEK VAN DIE GEBRUIK VAN DIE BEGRIP "CALVINISME" IN DIE AFRIKAANSE GESKIEDSKRYWING

Uit die tiperende oorsig van die begrip Calvinisme in die Afrikaanse geskiedskrywing is dit duidelik dat dit hierin om 'n paradigma gaan wat nie sonder meer aanvaar kan word nie. Hierdie "erfenis" gaan, om mee te begin, mank aan behoorlike dokumentasie. Dit is nie uit primêre bronne beskrywe nie. As 'n aanduiding en latere inbeelding verwerf die begrip "Calvinisme" by hierdie geskiedskool 'n kontekstuele inkleding wat nie vry is van eietydse voorveronderstellings en sentimente nie. Eintlik word dit 'n konseptualisering, wat ooreenwouding in die hand werk. Daarom kan so gemaklik bepaalde afleidings gemaak word, wat op historiese aannames en projeksies rus. Selfs toe in die twintigste eeu beseft is dat die geskiedenis dokumentêr beskrywe moet word, is dit nie voorkom nie. Die denk- en handelwyse van die Afrikaner is teoreties in terme van sy Calvinisme beskrywe. Dit is in 'n konteks gedoen waarvan die vertolker deel was. Daarmee is 'n kultureel-godsdiensige tradisie in die Afrikaanse geskiedskrywing nóg deurbreek nóg verantwoord. Brown beklemtoon in hierdie verband dat die "Calvinisme van 'n bepaalde land en 'n besondere kerk moet histories dokumentêr opgespoor en verstaan, georden en beskrywe word. Dit moet vraagstellend gedoen word... Die geskiedenis self moet verken word, anders word 'n gesistematiseerde konsep of paradigma uitgedink en histories ingedink"<sup>108</sup>. E Brown, "Onverantwoorde kontekstuele kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika", »*Studia Historiae Ecclesiasticae* XIX/1» (1993), 132.»

Selfs in die gepaardgaande Afrikaanse kerkgeskiedskrywing ontbreek 'n ekklesiologiese kwalifisering en teologies-kritiese vraagstelling en onderkenning. Kerkhistorici uit die geleedere van die Afrikanervolk het hulle, sonder verantwoording laat vind vir 'n Calvinistiese singewing van die geskiedenis van Suid-Afrika en sy Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis<sup>109</sup>. So het G B A Gerdener<sup>110</sup>, anders as sy voorganger Moorrees, en sowel Hanekom<sup>111</sup> as Van der Watt<sup>112</sup> as kerkhistorici van die Ned Geref Kerk hulle daaraan gehou. 'n Mens word egter oombliklik gedwing om kerkhistories te onderskei. Nie alle Afrikaner-kerkhistories het hulle vir 'n Calvinistiese ontsluiting laat vind nie. Uit die Nederduitsch Hervormde Kerk is afwysend en probleemstellend gereageer teenoor die "Neo-Calvinistiese" ontwikkeling in Suid-Afrika<sup>113</sup>. Hierteenoor gebruik die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika die begrip in 'n meer konfessionele sin as aanduiding van 'n teologiese oortuiging<sup>114</sup>. Hieruit blyk dit dat die saak nie so

eenvoudig is nie. Kerkhistories, en teologies, moet dit uitgeklaar word.

Die wyse waarop historici die teologie van Calvyn voorstel, laat nie aan sy benadering en uitgangspunt reg geskied nie. Trouens, hulle is geneig om dit in 'n politieke en kulturele sin - selfs ideologies - om te stel. Daarenteen gaan dit altyd vir Calvyn in die eerste plek om die God van die Skrifte, wat sondaars in sy barmhartigheid teëkom. Daarom aksentueer hy in 'n konfessionele sin die oormag van God se liefde, genade, heiligheid en geregtigheid. 'n Teologiese oortuiging wat nie sonder meer, in enkele volsinne fundamentalisties vanuit die uitverkiesing en roeping (byvoorbeeld) opgesom kan word nie. Weliswaar is daar gedurende die twintigste eeu heelwat navorsing oor die invloed van die gedagtes van Calvyn in die Wes-Europese ekonomiese, kulturele, sosiale en politieke ontwikkeling gedoen<sup>115</sup>. Of sodanige teoretisering rus op teologies-kritiese verrekening, is 'n ope vraag. Of die betrokke historici hierby aansluiting gevind het, is onduidelik. Hulle verwys nie daarna nie. In elk geval, Calvyn was kind van sy tyd, 'n vlugteling Fransman in Genève, 'n stad in eie reg<sup>116</sup>.

Om die "erfenis" as 'n verlengstuk van die Nederlandse Calvinisme van die sewentiende eeu in te prent, is eweneens misleidend<sup>117</sup>. Allereers was dit in Nederland 'n kontekstuele en kerkhistoriese verwerking van teologiese uitgangspunte van Calvyn. 'n Nederlandse en Bybelse humanisme en 'n gereformeerde bevindelikheid in terme van die "Nadere Reformatie"<sup>118</sup> het hieraan meegedoen, met voorkeure en idees van hulle eie. Die invloed van die libertyne<sup>119</sup> in staat, kerk, handel en teologie skakeer die Nederlandse Calvinisme nog meer. Dan was daar diegene wat nie in die eerste plek om kulturele of ander oorwegings aansluiting by Calvyn gevind het nie, maar dit met hom in 'n konfessionele sin eens was. Gevolglik was die Nederlandse Calvinisme van die sewentiende eeu wat hier ingedra is, minder Calvyns as wat soms aanvaar word.

